## EERSTE HOOFSTUK [393]

### Oorgang van die gewone redelike kennis van die sedelikheid na die wysgerige.

### {Die goeie wil}

Oral in die wêreld, ja selfs daarbuite, is daar niks denkbaar wat sonder voorbehoud as goed beskou kan word nie, behalwe 'n *goeie wil*. Verstand, geestigheid, oordeelsvermoë en hoe die *talente* van die gees ook al genoem word, of moed, beslistheid, vasberade doelgerigtheid as eienskappe van *temperament* is sonder twyfel in baie opsigte goed en begerenswaardig. Hulle kan egter uiters sleg en nadelig word wanneer die wil wat van hierdie natuurlike gawes gebruik maak (en wie se besondere aard daardeur *karakter* genoem word), nie goed is nie. Met die *geluksgoedere* is dit net so gesteld. Mag, rykdom, eer, selfs gesondheid en totale welsyn en tevredenheid met 'n mens se toestand — saamgevat onder die naam *geluk* — maak 'n mens hoogmoedig en selfs verwaand wanneer daar nie 'n goeie wil is wat die inbors beïnvloed, die prinsipe van die handeling korrigeer en algemeen doelmatig maak nie. Daarby moet ons noem dat 'n redelike en onpartydige toeskouer nooit 'n welbehae kan hê in die aanskouing van die ononderbroke welvaart van 'n wese wat nie eers deur 'n sweem van 'n suiwer en goeie wil versier is nie.

Dit lyk dus asof die goeie wil die noodsaaklike voorwaarde is selfs om geluk waardig te wees.

Sommige eienskappe bevorder selfs die goeie wil en maak sy werk baie ligter. [394] Desondanks het hierdie eienskappe geen intrinsieke, onvoorwaardelike *eienskappe* nie, maar veronderstel nog steeds die goeie wil. Daarmee word die hoë waardering beperk wat 'n mens



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

origens met reg vir hierdie eienskappe voel, en mag 'n mens hulle nie sonder meer as goed beskou nie. Matigheid in emosies en hartstogte, selfbeheersing en nugter oorweging is nie net in baie opsigte goed nie, maar lyk selfs asof dit 'n deel van die *innerlike* waarde van 'n persoon uitmaak. Nogtans kan hulle geensins sonder voorbehoud goed genoem word nie (hoe onvoorwaardelik hulle ook al deur die ou filosowe geprys is), want sonder die grondbeginsels van 'n goeie wil kan hulle baie sleg word. Die koelbloedigheid van 'n booswig maak hom nie net baie gevaarliker nie, maar onmiddellik in ons oë nog afskuweliker as wat hy daarsonder sou wees. #5

**{Resultate van die goeie wil}**

Die goeie wil is goed nie deur dit wat hy bereik of uitrig nie, nie deur sy geskiktheid vir die bereik van 'n voorgestelde doel nie, maar bloot deur die wil alleen; met ander woorde dit is in sigself goed. Op sigself beskou, moet dit onvergelykbaar hoër waardeer word as alles wat dit ter wille van 'n neiging of selfs die som van alle neiginge tot stand kan bring. Selfs wanneer die wil deur 'n besondere onguns van die noodlot of deur die karige toerusting deur 'n stiefmoederlike natuur glad nie in staat is om sy doel te bereik nie, en selfs wanneer die wil met die grootste inspanning nog niks uitrig nie, sodat net die goeie wil oorbly (darem nou nie as blote wens nie, maar as die inspanning van elke middel tot ons beskikking), dan blink die goeie wil nog soos 'n juweel bloot ter wille van sigself, as iets wat sy volle waarde in homself het. Nuttigheid of vrugteloosheid kan aan hierdie waarde nóg byvoeg, nóg wegneem. Nuttigheid of vrugteloosheid kan net 'n omraming wees waarbinne ons in die daaglikse verkeer die goeie wil beter handhaaf, of waarbinne dit die aandag trek van hulle wat nog geen kenners is nie, maar nuttigheid of vrugteloosheid kan nooit die weg wees om die goeie wil by kenners aan te beveel of sy waarde te bepaal nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

**{Die rol van die rede}**

In hierdie idee van die absolute waarde van die loutere wil, waarby nut nie in aanmerking kom nie, is daar egter iets wat so vreemd is dat daar (ondanks die volle instemming van die gewone daaglikse rede) agterdog moet ontstaan, naamlik dat daar heimelik aan die grond van hierdie idee 'n fantasievlug lê, en dat ons die doel van die natuur [395] verkeerd verstaan wanneer ons meen dat die rede die regeerder van die wil is. Ons beproef daarom hierdie idee vanuit hierdie gesigspunt. Ons neem as grondbeginsel aan dat in 'n organiese wese (dit wil sê 'n wese wat doelmatig vir die lewe ingerig is) elke orgaan die geskikste en gepasste is vir die doel van daardie wese. As ons nou veronderstel dat die *behoud*, die *welvaart*, met een woord die *geluk* van 'n wese met rede en wil die eintlike doel van die natuur is, dan het die natuur sy reëlings baie sleg getref toe hy die skepsel se rede gekies het om sy doel uit te voer. Alle handelinge met hierdie doel in die oog en die reëling van sy gedrag kon vir hierdie wese baie presieser voorgeskryf word en die doel baie sekerder bereik word deur instink as deur rede. As hierdie begunstigde wese boonop met rede bedeel was, dan sou hy dit net gebruik het om die gelukkige aanleg van sy natuur te betrag, om dit te bewonder, om homself daarin te verheug en die weldadige Oorsaak daarvoor dankbaar te wees, maar hy sou dit nie gebruik het om sy vermoë tot begeerte aan die swak en bedrieglike leiding van die rede te onderwerp en met die natuuropset te knoei nie. In en woord: Die natuur sou verhoed het dat die rede in *praktiese gebruik* uitslaan en die vermetelheid het om met sy swak insigte sowel die ontwerp van die geluk as die middels daartoe uit te dink. Die natuur sou nie alleen die keuse van doeleindes nie, maar van die middele self oorgeneem het en met wyse voorsorg beide aan instink alleen toevertrou het.

Inderdaad vind 'n mens dat hoe meer 'n gekultiveerde rede hom op die genot van die lewe en op geluk toespits, hoe verder raak jy van ware tevredenheid verwyder. Hieruit ontstaan daar by baie mense —



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

en juis by hulle wat die meeste probeer het om die rede so te gebruik — 'n sekere mate van *misologie*, dit wil sê haat vir die rede (as hierdie mense eerlik genoeg is om dit te erken). As hulle al die voordeel opweeg wat hulle nie net in die uitvind van al die kunste van die weelde verkry nie, maar selfs ook uit die wetenskappe (wat op die ou end vir hulle ok 'n genot van die rede skyn te wees), vind hulle dat hulle inderdaad meer las vir hulleself [396] op die hals gehaal het as wat hulle aan geluk gewen het. Uiteindelik vind hulle dat hulle die gewone slag van mense, wat nader aan die leiding van blote natuurinstink is en op wie se doen en late die rede nie veel invloed het nie, eerder beny as geringskat. Dit moet 'n mens toegee: Die oordeel van die mense wat die verwaande verheerliking van die voordele (van geluk en lewenstevredenheid) wat die rede veronderstel is om te verskaf, wil matig en selfs afskaal tot minder as niks, is nie kwasterig of teenoor die goedheid van die Wêreldregering ondankbaar nie. Inteendeel, aan die grond van hierdie oordeel lê heimelik die idee van 'n ander en baie waardiger doel van bestaan. Hiervoor — en nie vir geluk nie — is die rede eintlik bestem en daarom is dit die hoogste voorwaarde waarvoor die persoonlike doeleindes van die mens grotendeels moet terugstaan.

Die rede is nie genoeg om die wil ten aansien van sy doelstellinge en die bevrediging van al ons behoeftes (wat die rede gedeeltelik selfs vermenigvuldig) met sekerheid te lei nie. Vir hierdie doel sou 'n ingeplante natuurinstink ons baie sekerder gelei het. Desondanks is ons toebedeel met rede as praktiese vermoë, dit wil sê wat invloed op die *wil* behoort te hê. Daarom moet dit die ware bestemming van die rede wees om 'n *wil wat in sigself goed is*, te voorskyn te bring, en nie 'n wil wat miskien *as middel* tot iets anders goed is nie. Hiervoor was rede absoluut noodsaaklik, omdat die natuur elders oral in die uitdeel van sy ontwerpe doelmatig te werk gegaan het. Hierdie wil mag nie die een en die al wees nie, maar hy moet die hoogste goed en die voorwaarde vir die res, selfs vir die verlange na geluk, wees. In hierdie geval kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

ons dit heeltemaal met die wysheid van die natuur versoen dat die kultivering van die rede vir die eerste en onvoorwaardelike doelwit (die wil wat in sigself goed is) bevorderlik is, maar die bereiking van die tweede, altyd voorwaardelike doelwit, naamlik die geluk, minstens in hierdie lewe dikwels beperk is. Die rede kan selfs die bereik van geluk tot minder as niks reduseer, sonder dat die natuur daardeur ondoelmatig verloop. Dit is so omdat die rede die begronding van 'n goeie wil as sy hoogste praktiese doel sien. Daarmee bereik die rede sy eie soort tevredenheid, naamlik dat hy 'n doelwit voltooi het — 'n doelwit wat net deur die rede bepaal is, al geskied dit ook ten koste van die doeleindes van die neigings.#6

**{Die goeie wil en plig}**

Ons moet nou die begrip uiteensit van 'n wil wat in sigself hoog waardeer word [397] en goed is sonder enige verdere doelstelling. Hierdie begrip bestaan reeds in die natuurlike gesonde verstand en moet eerder net opgehelder as uiteengesit word. Hierdie begrip staan altyd bo-aan in die waardeskatting van al ons handelinge en is die voorwaarde van al die res. Om hier die begrip van 'n goeie wil uiteen te sit gebruik ons die begrip *plig*. Die begrip plig sluit die begrip goeie wil in, hoewel onderworpe aan sekere subjektiewe beperkings en hindernisse. Hierdie beperkings en hindernisse steek egter die goeie wil nie weg en maak dit nie onherkenbaar nie, maar laat dit eerder by wyse van kontras uitstaan en des te helderder te voorskyn tree.

**{Die motief van plig}**

Ek laat alle handelinge buite rekening wat reeds as strydig met plig herken is, hoewel hulle in een of ander opsig nuttig mag wees. By hulle is dit immers glad nie 'n vraag of hulle *uit plig* geskied het nie, omdat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

hulle juis strydig met plig is. Ek stel ook handelinge ter syde wat in werklikheid pligmatig is, maar waarvoor mense geen direkte neiging het nie, maar dit tog doen omdat hulle deur 'n ander neiging daartoe gedryf word. Ek laat dit uit omdat dit maklik is om vas te stel of die pligmatige handeling *uit plig* of uit selfsugtige oogmerke geskied.

Daarteenoor is dit plig om 'n mens se lewe te bewaar, en bowendien het elkeen 'n direkte neiging daartoe. Die angsvallige wyse waarop die meeste mense oor hulle lewe besorg is, het egter geen innerlike waarde nie, en as lewensbeginsel (*Maxime*) het dit geen sedelike gehalte nie. Hulle bewaar hulle lewens weliswaar *in ooreenstemming met plig*, maar nie *omdat plig dit vereis* nie. [398] Wanneer daarteenoor teenspoed en wanhopige smart die lus vir die lewe totaal weggeneem het; wanneer die ongelukkige maar innerlik sterk mens meer verontrus as kleinmoedig en terneergedruk oor sy lot is en die dood verlang, maar sy lewe tog bewaar sonder om dit lief te hê (dit wil sê nie uit neiging of vrees nie, maar uit plig), dan het sy lewensbeginsel 'n sedelike gehalte.

Dit is 'n mens se plig om goed te doen waar jy kan. Daarbenewens is daar baie meelewende siele wat sonder enige motief van ydelheid of eiebelang 'n innerlike genoeë daarin vind om vreugde rondom hulle te versprei — mense wat hulle verheug in die tevredenheid van ander, wat hulle bewerk het. Desondanks beweer ek dat in so 'n geval 'n dergelike handeling geen egte sedelike waarde het nie, hoe pligmatig en beminlik dit ook al mag wees. So 'n handeling gaan gepaard met ander neigings, byvoorbeeld die neiging tot eer, wat per geluk tot algemene nut en ooreenkomstig plig en daarom eerwaardig kan wees. Dit verdien dan lof en aanmoediging maar nie hoogagting nie, want hierdie lewensbeginsel skiet tekort aan sedelike gehalte, naamlik om sulke handelinge nie uit neiging nie, maar uit plig te doen. Gestel dat die gemoed van daardie mensevriend deur eie smart verduister word, wat deelneming aan die lot van ander heeltemaal uitblus, maar dat hy nog



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

steeds die vermoë het om ander noodlydendes te help (hoewel die nood van vreemdes hom nie roer nie, omdat hy met sy eie besig genoeg is); en gestel nou dat hy homself uit die dodelike ongevoeligheid losruk en hoewel daar geen neiging daartoe is nie, tog nog die handeling sonder neiging bloot uit plig doen, dan hét sy handeling eers egte sedelike waarde. Nog meer: As die natuur in elk geval min simpatie in iemand se hart gelê het; as hy (hoewel origens 'n eerlike man) van temperament koud en onverskillig teenoor die lyding van ander was (waarskynlik omdat hy die gawe van geduld en sterk uithouvermoë ten opsigte van sy eie lyding het en dieselfde dan by ander veronderstel of selfs eis); as die natuur so 'n man (wat waarlik nie die natuur se slegste produk sou wees nie) nie eintlik tot mensevriend gevorm het nie, sou hy tog nog 'n bron in homself vind, waaruit hy aan homself 'n baie groter waarde as die waarde van 'n goedgeaarde temperament sou gee nie? Ongetwyfeld! Juis daar begin die waarde van die karakter [399] wat sedelik en onvergelykbaar hoog is, naamlik dat hy goed doen, nie uit neiging nie, maar uit plig.

Om 'n mens se eie geluk te verseker, is 'n plig (minstens indirek); want die ontevredenheid met jou situasie, onder die druk van baie sorge en te midde van onbevredigde behoeftes, kan maklik 'n groot *versoeking tot die oortreding van jou pligte* word. Maar ook afgesien van plig het alle mense vanself die sterkste en diepste neiging tot geluk, omdat juis in die idee van geluk alle neigings in een geheel saamgevat word. Die voorskrif van geluk is egter aan die ander kant van so 'n aard dat dit sommige neigings inkort, sodat 'n mens vir jouself nie 'n bepaalde en seker begrip kan vorm van die bevrediging van al die neigings as geheel nie — 'n bevrediging wat geluk genoem word. Om hierdie rede is dit begryplik dat 'n enkele neiging wat definitief is ten opsigte van wat hy belowe en van die tyd waarbinne die bevrediging ontvang kan word, swaarder weeg as 'n weifelende idee. Dit is daarom ook begryplik dat 'n mens, byvoorbeeld 'n jiglyer, sal verkies om te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

geniet waarvoor jy lus het en te ly wat jy moet, omdat jy van mening is dat jy die genot van die oomblik nie moet prysgee ter wille van 'n waarskynlik ongegronde verwagting van geluk wat in gesondheid te vinde is nie. As die algemene neiging tot geluk egter nie jou wil bepaal nie, as gesondheid nie so oorheersend in jou oorwegings geld nie, dan bly daar ook in hierdie geval net soos in ander gevalle 'n wet oor, naamlik die wet om jou geluk te bevorder, nie uit neiging nie, maar uit plig. Eers hierdeur kry jou gedrag eintlik sedelike waarde.

So moet 'n mens ook ongetwyfeld die Skrifgedeeltes verstaan wat beveel dat jy jou naaste, selfs jou vyand, moet liefhê. Liefde as neiging kan nie beveel word nie, maar om goed te doen uit plig — selfs wanneer geen neiging jou dryf nie, ja selfs wanneer 'n natuurlike en onweerstaanbare afkeer in jou pad staan — is *praktiese* en nie *patologiese* #7 liefde nie; dit lê in die wil en nie in die geneigdheid van gevoel nie, in die grondbeginsels van handeling en nie in sentimentele meegevoel nie. Net hierdie praktiese liefde kan beveel word. #8

**{Formele beginsel van plig}**

Die tweede stelling is: 'n Handeling uit plig se sedelike waarde lê *nie in die doel* wat deur die handeling nagestreef word nie, maar in die lewensbeginsel waarvolgens oor die handeling beslis word. Die handeling uit plig hang dus nie af van die verwerkliking van die doel van die handeling nie, maar bloot van die wilsbeginsel waarvolgens die handeling geskied het, afgesien van alle doelwitte van begeerte. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die oogmerke wat ons met ons handelinge mag koester en die effekte daarvan as doeleindes en dryfvere van die wil, geen onvoorwaardelike en sedelike waarde aan ons handelinge kan gee nie. Waarin kan hierdie waarde dan lê, as dit nie in die wil in verhouding tot die verwagte resultaat bestaan nie? Dit kan nêrens anders lê as in die *beginsel van die wil*, ongeag die doeleindes wat deur so 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

handeling bereik kan word. Die wil staan hier as 't ware op die tweesprong tussen sy beginsel *a priori*, wat formeel is, en sy dryfvere *a posteriori*, wat materieel is. Aangesien die wil deur een of ander iets bepaal moet word, moet dit deur die formele beginsel van wil as sodanig bepaal word wanneer dit uit plig geskied, omdat ons die totale materiële beginsel aan die wil onttrek het. #9

**{Eerbied vir die wet}**

Die derde stelling, as afleiding uit die twee voriges, kan ek so formuleer: *Plig is die noodwendigheid van 'n handeling uit eerbied vir die wet*. Neiging kan wel doelwit vir my wees (die resultaat van die handeling wat ek in gedagte het), maar *eerbied kan dit nooit wees nie*, omdat die doelwit bloot die resultaat en nie die aktivering van my wil is nie. Ek kan ook nie vir neiging as sodanig (my eie of iemand anders s'n) eerbied hê nie; hoogstens kan ek dit in die eerste plek billik en tweedens dit soms liefhê, dit wil sê in 'n gunstige lig as tot my eie voordeel beskou. Net dit wat bloot as grond en nooit as resultaat met my wil verbind is nie; dit wat nie my neiging dien nie maar die oorwig daaroor het (of die neiging minstens by die oorweging van my keuse uitsluit); dit wil sê net die wet ter wille van sigself kan voorwerp van eerbied en daarom voorwerp van 'n gebod wees. 'n Handeling uit plig behoort die invloed van die neiging en daarmee saam elke doelwit van die wil heeltemaal uit te skakel. Daar bly dus niks oor wat die wil kan bepaal nie, behalwe objektief die *wet* en subjektief *suiwer eerbied* vir hierdie praktiese wet, en daarmee saam die lewensbeginsel om so 'n wet gehoorsaam te wees, selfs al vereis dit die aftakeling van my.* #10

* Lewensbeginsel (*Maxime*) is die subjektiewe beginsel van die wil; die objektiewe beginsel (dit wil sê wat ook subjektief as praktiese beginsel vir alle redelike wesens sou dien as die rede volmag oor die vermoë van begeerte gehad



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

Die sedelike waarde van 'n handeling lê dus nie in die resultaat wat daarvan verwag word nie, en daarom ook nie in een of ander beginsel van die handeling wat uit hierdie resultaat motiveer word nie. Al hierdie resultate (aangenaamheid van 'n mens se toestand, ja selfs die bevordering van ander mense se geluk) kan immers ook deur ander oorsake tot stand gebring word en het dus nie die wil van 'n redelike wese (waarbinne die hoogste en onvoorwaardelik goeie alleen aangetref kan word) nodig nie. Niks anders as die idee van die wet in sigself, *wat weliswaar net in redelike wesens aanwesig is* (in so verre die idee van die wet en nie die verwagte resultaat die bepalende grond van die wil is nie), konstitueer die uitmuntende goeie, wat ons sedelik noem. Hierdie goeie is reeds teenwoordig in die persoon wat daarvolgens handel en word nie eers uit die resultaat verwag nie.*

---

het) is die praktiese *wet* om so 'n wet [401] gehoorsaam te wees, selfs al vereis dit die aftakeling van my neigings.

* Dit kan my miskien verwyt word dat ek met die woord *eerbied* net 'n toevlug in 'n duister gevoel soek in plaas daarvan om deur middel van 'n duidelike begrip van die rede 'n uitweg uit die probleem te gee. Maar al is eerbied 'n gevoel, dan is dit tog nie 'n gevoel wat deur een of ander invloed van buite ontvang is nie, maar wat self deur 'n begrip van die rede *tot stand gebring* is. Om hierdie rede kan eerbied in besonder onderskei word van alle gevoelens van die eerste soort, wat op neiging of vrees teruggevoer kan word. Wat ek onmiddellik as wet vir my herken, herken ek met eerbied. Dit beteken net dat ek bewus is daarvan dat my wil — sonder bemiddeling van ander invloede op my gemoed — aan 'n wet *onderworpe* is. Die onmidellike bepaling van die wil deur die wet en die bewussyn daarvan word *eerbied* genoem, sodat eerbied as die *werking* van die wet op die subjek en nie as die *oorsaak* van die wet beskou word nie. Eintlik is eerbied die voorstelling van 'n waarde wat my selfliefde aftakel. So is daar iets, wat nóg as objek van neiging, nóg as objek van vrees beskou word, hoewel dit tegelykertyd iets analoogs met albei het. Die objek van eerbied is dus slegs die wet, en wel daardie wet wat ons aan onsself oplê en tog ook as iets op sigself noodwendig aanvaar. Ons is onderworpe aan die wet as wet, sonder inagneming van ons selfliefde; as wet wat ons aan *onsself* oplê, is dit egter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

**{Die kategoriese imperatief}**

Wat vir 'n wet kan dit egter wees waarvan die voorstelling (ongeag die resultate wat verwag kan word) die wil moet bepaal voordat die wil absoluut en sonder beperking goed genoem kan word? Aangesien ek die wil beroof het van enige aansporing, wat as resultaat van die navolging van een of ander besondere wet kon ontspring, bly niks oor as net die ooreenkoms van die handelinge met die universele wet as sodanig nie, en net dit behoort as *beginsel* van die wil te dien. Dit beteken dat ek nooit anders behoort te handel as op so 'n wyse *dat ek ook kan wil dat my lewensbeginsel tot 'n algemene (universele) wet sal word nie*. Dit is net die ooreenkoms met die wet as sodanig (sonder om dit in 'n bepaalde wet wat op een of ander handeling gerig is, te fundeer) wat as beginsel vir die wil dien; dit móet ook as beginsel vir die wil dien as plig nie oral leë selfbedrog en 'n hersenskim moet wees nie. Die gewone menslike rede stem ook in sy praktiese beoordeling volkome hiermee ooreen en hou die reeds genoemde beginsel altyd voor oë.

Laat ons die volgende vraag as voorbeeld neem: Mag ek in nood 'n belofte maak met die bedoeling om dit nie te hou nie? Ek kan in hierdie geval maklik die betekenis wat die vraag kan hê, onderskei, naamlik of dit 'n skelmstreek en of dit in ooreenstemming met plig is om 'n vals belofte te maak. Eersgenoemde kan ongetwyfeld dikwels voorkom. Ek sien egter dat dit nie genoeg is om my deur middel van hierdie uitvlug uit die huidige verleentheid te kry nie. Ek moet ook dink of daar nie dalk agterna vir my baie groter moeilikheid uit die leuen kan kom as díe waaruit ek ontsnap het nie. Ondanks al my gewaande *slu-*

'n gevolg van ons wil. In die eerste opsig het die wet 'n analogie met vrees en in die tweede opsig met neiging. Alle eerbied vir 'n persoon is eintlik net eerbied vir die wet (van regskapenheid ensovoorts), waarvan die persoon vir ons 'n voorbeeld is. Omdat ons die uitbreiding van ons talente as 'n plig beskou, beskou ons die talentvolle persoon as 't ware as 'n *voorbeeld van 'n wet* (om deur oefening soos hy te word), en dit maak ons eerbied uit. Alle sogenaamde sedelike *belangstelling* (*Interesse*) bestaan bloot uit die eerbied vir die wet.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

*heid* is dit nie so maklik om vooruit te sien of die verlore vertroue uiteindelik vir my nie baie nadeliger kan word as al die euwels wat ek reken om nou te vermy nie. Om hierdie rede moet ek daaroor dink of dit nie *verstandiger* is om in hierdie saak volgens 'n universele lewensbeginsel te handel en dit tot gewoonte te maak om niks te belowe sonder die bedoeling om dit te hou nie. Dit word egter gou vir my duidelik dat so 'n lewensbeginsel altyd in die kommerwekkende gevolge gegrond is. Dit is tog iets totaal anders om uit plig betroubaar te wees as uit kommer oor die nadelige gevolge: In die eerste geval bevat die begrip van die handeling op sigself reeds vir my 'n wet, terwyl ek in die tweede geval eers elders moet rondkyk watter resultate daar vir my aan die handeling verbonde mag wees. As ek van die beginsel van plig afwyk, is dit baie gewis sleg; as ek van die beginsel van verstandigheid afwyk, [403] kan dit dikwels vir my baie voordelig wees, hoewel dit seker veiliger is om daarby te hou. Die kortste en tog onfeilbare manier om die vraag of 'n leuenagtige belofte ooreenkomstig plig is, te beantwoord, is om vir myself die vraag te stel: Sal ek daarmee tevrede wees dat my lewensbeginsel (om my met 'n onware belofte uit die verleentheid te red) as 'n algemene wet (sowel vir my as vir ander) behoort te geld? En kan ek vir myself sê: Elkeen mag 'n onware belofte doen, as hy in verleentheid is en hy kan nie op 'n ander manier daar uitkom nie? So word dit gou vir my duidelik dat ek weliswaar kan wil om te lieg, maar 'n algemene wet om te lieg glad nie kan wil nie. Volgens so 'n wet sal daar glad geen belofte wees nie, want dit sal tevergeefs wees om aan ander mense my wil ten opsigte van toekomstige handelinge voor te gee. Hulle sal die voorwendsel immers nie glo nie en as hulle oorhaastig dit tog doen, sal hulle my in gelyke munt terugbetaal. My lewensbeginsel moet homself dus vernietig sodra hy tot algemene wet gemaak word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

Ek het dus glad nie 'n diepgaande skerpsinnigheid nodig om te weet wat ek moet doen sodat my wil sedelik goed sal wees nie. Onervare ten opsigte van die verloop van die wêreld, onbekwaam om vir al sy gebeurlikhede gereed te wees, vra ek myself net: Kan jy ook wil dat jou lewensbeginsel 'n algemene wet sal word? Indien nie, is jou lewensbeginsel verwerplik, en nie omdat daaruit vir jou of vir ander nadeel voortspruit nie, maar omdat jou lewensbeginsel nie as beginsel in 'n moontlike universele wetgewing kan inpas nie. My rede dwing my tot onmiddellike eerbied vir hierdie wetgewing, hoewel ek nou nog nie *insien* waarop dit gegrond is nie (iets wat die filosoof moet ondersoek), maar waarvan ek die volgende verstaan: Daar is 'n waarde wat baie swaarder weeg as alles wat deur neiging aangeprys word, en plig is die noodwendigheid van my handeling uit *suiwer* eerbied vir die praktiese wet. Hiervoor moet elke ander motief wyk, omdat dit die voorwaarde is vir 'n wil wat *in sigself* goed is en waarvan die waarde bo alles staan. #11

**{Die alledaagse praktiese rede}**

Op hierdie wyse het ons dan in die oorweging van die sedelike kennis van die gewone menslike rede tot die beginsel daarvan deurgedring. Weliswaar sonder die gewone menslike rede hierdie beginsel nie in sy algemene vorm af nie, maar dit hou tog altyd die beginsel voor oë en gebruik dit as rigsnoer in die beoordeling. [404] Dit is maklik om aan te toon hoe die gewone rede met hierdie kompas in die hand in alle gevalle wat voorkom, baie goed weet om te onderskei tussen wat goed en wat sleg, wat ooreenkomstig plig en wat daarteen is. Daarvoor het 'n mens nie nodig om in die minste die rede enigiets nuuts te leer nie. Al wat nodig is, is om die rede op sy eie beginsel opmerksaam te maak, soos Sokrates gedoen het. Sodoende het 'n mens geen wetenskap en filosofie nodig om te weet wat 'n mens moet doen om eerlik en goed,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

ja selfs om wys en deugsaam te wees nie. Dit laat 'n mens reeds vooraf vermoed dat kennis van wat elke mens behoort te doen — en dus ook te weet — elkeen, ook die eenvoudigste mens se taak is. En tog kan 'n mens nie sonder verwondering opmerk wat 'n voorsprong die praktiese oordeelsvermoë bo die teoretiese oordeelsvermoë in die gewone menslike verstand het nie. As die gewone rede dit waag om in teoretiese oordele af te wyk van ervaringswette en sintuiglike waarnemings, beland dit in louter onbegryplikhede en teensprake met sigself of minstens in 'n chaos van onsekerheid, duisterheid en onbestendigheid. In praktiese sake begin die oordeelsvermoë eers die voorsprong te toon wat hy in homself het wanneer hy alle sinlike dryfvere uit die praktiese wette uitsluit. Dan word die gewone rede selfs subtiel: Hy begin om hare te kloof oor wat sy gewete en ook ander vermoëns reg noem, of hy probeer opreg om tot sy eie onderrig die waarde van sy handelinge te bepaal. Wat die beste is, is dat hy in laasgenoemde poging net soveel hoop as die filosoof het om die kol te tref. Die gewone rede is byna nog sekerder om die kol te tref as die filosoof, omdat die filosoof geen ander beginsel as die gewone rede het nie, terwyl hy maklik deur 'n massa vreemde, nie-tersaaklike oorwegings verwar en van die reguit koers afgedwing kan word. Is dit dan nie raadsamer om sedelike sake by die gewone redelike oordeel te laat en die filosofie hoogstens by te bring om die sisteem van die sedelikheid vollediger en begrypliker, en die reëls van die sedelikheid makliker bruikbaar (soveel te meer vir redetwis) daar te stel, maar nie om die gewone menslike verstand ten opsigte van praktiese sake van sy gelukkige eenvoud te skei en hon. deur middel van filosofie op 'n nuwe weg van ondersoek en onderrig te bring nie?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

**{Die nodigheid van die filosofie}**

Onskuld is pragtig; net jammer dat dit nie bewaar bly nie en maklik verlei word. Om hierdie rede het selfs die wysheid (wat meer uit doen en late as uit weet bestaan) wetenskap ook nodig, nie om van die wetenskap te leer nie, maar om aan die voorskrifte van die wysheid inslag en duursaamheid te verskaf. Die mens voel in homself 'n magtige teenwig teen al die gebooie van die plig, wat die rede so agtenswaardig vir hom voorstel; hierdie teenwig is al sy behoeftes en neigings, die totale bevrediging waarvan 'n mens onder die naam geluk saamvat. Die rede gebied sy *voorskrifte* onverbiddelik, sonder om aan die neigings iets te belowe, dus as 't ware met neerhaling van en minagting vir die stormagtige en skynbaar billike aansprake van die neigings (aansprake wat hulle deur geen gebod laat ophef nie). Hieruit ontstaan egter 'n *natuurlike dialektiek*, dit wil sê 'n geneigdheid om met daardie streng wette van die plig te kibbel en om hulle geldigheid (of minstens hulle suiwerheid en strengheid) te betwyfel en sover moontlik beter met ons wense en neigings te laat stryk. Dit beteken dat die wette van die plig fundamenteel bederf en hulle waarde vernietig word — iets wat selfs die gewone praktiese rede op die ou end nie kan goedpraat nie.

So word die *gewone rede van die mens* gedwing om sy gebied te verlaat en 'n tree in die veld van 'n *praktiese filosofie* te gee — gedwing nie deur een of ander behoefte aan spekulasie (wat nooit die rede bekruip solank die rede tevrede is om bloot gesonde rede te wees) nie, maar deur praktiese gronde self. Die gewone rede betree die veld van die praktiese filosofie met die doel om daar inligting en duidelike aanwysings te kry ten opsigte van die oorsprong van sy beginsel en die regte bepaling daarvan, teenoor die lewensbeginsels wat op behoefte en neiging berus. Die doel daarmee is dat die gewone rede uit die verleentheid van teenstrydige aansprake sal kom en hy nie die gevaar sal loop om deur dubbelsinnigheid (waarin hy maklik beland) alle egte sedelike beginsels te verloor nie. As 'n mens die gewone praktiese rede kul-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

tiveer, ontstaan daar ongemerk 'n *dialektiek*, wat die gewone praktiese rede dwing om in die filosofie hulp te soek, net soos dit met die gewone rede in sy teoretiese gebruik gebeur. Gevolglik sal die rede in sy praktiese net so goed as in sy teoretiese gebruik geen rus kan vind nie, behalwe in 'n volle kritiek van ons rede.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015